25. Evangelisasie

25.1 RAPPORT SENDINGDEPUTATE

1. Opdrag
Handelinge 2012:514-515.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Sendingorde*

2.1.1 Die Deputate het by twee geleenthede vergader om die werkswyse en die omvang om uitvoering aan die opdrag vas te stel.

2.1.2 Die Deputate het verder ook besin oor die prinsipiële begronding van ons opdrag en tot die slotsom gekom dat die opstel van ‘n sendingorde in stryd is met KO, artt 30 en 46.

Motivering

2.1.2.1 Vorige Sinodes, soos veral in 1979 het om prinsipiële redes besluit om afstand te doen van die voorgestelde KO, art 52 i.v.m. ‘n sendingorde. Die belangrikste redes was omdat sending prinsipieel ‘n opdrag aan die plaaslike kerk(e) is, en nie sinodaal bedryf word nie; ook omdat kerklike en sendingaktiwiteite nie dualisties verstaan mag word nie, asof sending iets anders is as kerklike werk. Die Beskrywingspunt en argumente ter ondersteuning van die daarstel van ‘n sendingorde het geensins die beginsel beredeneer nie, en aangetoon waarom bg prinsipiële begronding as foutief beskou moet word nie in stryd met KO, art 46.

2.1.2.2 In die lig van KO, art 30 is die saak oor ‘n sendingorde dus afgehandel, en is die besluite daaroor steeds geldig, tensy aangedui sou kon word dat dit prinsipieel verkeerd is.

2.1.2.3 Die Beskrywingspunt opereer met veralgemeenhede en met pragmatiese argumente, sonder om aan te dui en te motiveer waarom die daarstel van ‘n sendingorde prinsipieel noodsaaklik en in orde is. Die argumente wat aangevoer is, sou goedskiks ook gebruik kon word om pragmaties ‘n saak uit te maak vir die daarstel van bv ‘n ekumeniese orde (hoe met kerke in ekumeniese verband saamgewerk word), ‘n orde vir barmhartigheidswerk (hoe kerke mekaar kan bystaan hierin) ens.

2.1.2.4 Die feit dat sending in beginsel by plaaslike kerke berus, beteken nie dat plaaslike kerke nie ook met mekaar kan saamwerk daarin nie, bv deur te kombineer, of aktes van samewerking op te stel nie; MAAR, dit noodsaak geen sendingorde nie, asof die inisiatief van sending nasionaal (in alg sinodale verband) uitgaan en gekoördineer word nie. Wat nodig is, in sodanige praktiese wyse van samewerking, is goeie besluite, deeglike ooreenkomste en die toepassing van die artikels van die Kerkorde wat alle kerklike handelinge prakties reël.

2.2 *Sending databasis*

2.2.1 Die Deputate het br Paul Grobler gekoöpteer om behulpsaam te wees met die opstelling van ‘n sendingdatabasis om koördinering van verskillende projekte te vergemaklik.

2.2.2 ‘n Versoek is aan gemeentes gerig om inligting rondom sendingaktiwiteite aan die Deputate deur te gee. Enkele gemeentes het op die versoek reageer en kosbare inligting deur gegee.

2.2.3 Br Paul Grobler het reeds ‘n projek naamlik Missionet van stapel gestuur wat die opstel van ‘n databasis en sendingprojekte koördineer. Die webtuiste is http://www.missionet.co.za/. Die inligting wat reeds aan die Deputate gestuur is kan aan Missionet deurgegee word.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 In die lig van bogenoemde motivering word daar nie voortgegaan om ‘n sendingorde op te stel nie.

3.2 Sendingdeputate word nie weer aangewys nie

3.3 Gemeentes wat betrokke wil raak kan met Missionet skakel.

Rapporteur: